Waterkruik

JAARGANG 56 NO 17 27 April AD 2019

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: **Thusofonds**

Doel: Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

Volgende Sondag:

Teologiese Studentekas

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 17 & 18

Ouderlinge: Wihan Oosthuizen en Jaco Lindeboom

Diaken: Joryn van Staden

Volgende Sondag: Wyke 19 & 20

Ouderlinge: Tinus Erasmus en Douw Breed jnr.

Diaken : Eddie Engelbrecht

TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 7 wat vanoggend o.l.v. *Lisl Lindeboom* tee en koffie bedien.

Volgende Sondag is dit die beurt van wyk 24 o.l.v. Ansie Heymans.

EREDIENSTYE VANAF VOLGENDE SONDAG 5 MEI

U word daaraan herinner dat die oggenderediens vanaf Sondag 5 Mei om 09:30 begin.

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleers soos gereël.

Donderdag

Bybelstudiegroepe

08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word." Judas vs. 2

Vandag
Br. Pieter Smit 082 443 6605
Br. Marthinus Erasmus 083 304 5682

Woensdag 1Mei
Br. Mike Erasmus 083 293 2633
Hannes Stronkhorst (5) 083 675 3198

Vrydag 3 Mei
Br. Jasper Steyn 083 299 7431
Sr. Wilmi van der Walt 072 226 7796

Saterdag 4 Mei
Markus le Roux 082 578 3235
Sr. Suzette Nel 083 442 2857

MEELEWING

Dit gaan goed met *sr. Ethel Coetzee* wat 'n operasie moes ondergaan nadat sy haar arm gebreek het. Ons wens u volkome herstel toe.
082 822 0889

Br. Theuns Kruger sterk aan in die die hospitaal na sy knievervangings-operasie. Ons vertrou dat jy gou weer op die been sal wees. 083 312 5964

Sr. Alida Steenekamp is oorgeplaas na 'n algemene saal nadat sy lank in die intensiewesorgeenheid van Pretoria Oos hospitaal was. Mag dit elke dag beter gaan. 083 303 9693

Sr. Nita Labuschagne het Woensdag
'n operasie aan haar wang ondergaan om velkankers te verwyder. Ons is saam met haar dankbaar dat dit goed gegaan het en bid dat dit volkome sal genees. 012 755 4037



" As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek: U is vir my 'n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder u vleuels.… Ek bly altyd naby U en u hand ondersteun my". Psalm 63:7,8,9b

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

Ds GC Coetzee (Gideon) van Standerton na Delmas.
Proponent HJ Coetzee (Herman) na Amanzimtoti.

BEROEPE BEDANK

Dr De W Saaiman (De Wet) van Krugersdorp na Rietvallei as medeleraar.

DIE KUIERKAFEE

*Die **Kuierkafee** se deure is weer oop op*
***30 April om 10:00** in die **kerksaal**.*
Daar gaan heerlik gekuier word met
'n koppie tee/koffie en lekker eetgoed.

*Kom deel asseblief **herinneringe** uit jou verlede met ons, hetsy nostalgies, vrolik, grappig of selfs hartseer. Ons gaan saam lag, huil of verlang na die goeie ou dae.*
Almal is welkom! Dis altyd 'n lekker gesellige oggend.
Skakel asseblief vir Rika le Roux, 082 675 0979, indien jy meer inligting verlang.

BAIE DANKIE VIR DIE BREIGOED VIR DIE PRESIDENTKRUGER KINDERHUIS, REDDERSBURG

Sr Ria Stoker skryf :

Baie, baie dankie aan al die broeders en susters wat gemaak het dat die breiprojek 'n reuse sukses was.
Hoewel die Kinderhuis 60 kinders het, het hulle laat weet dat dit hoofsaaklik die laerskoolkinders (31) is wat hulp nodig het. Die skenkings was egter so baie dat daar genoeg vir almal sal wees.
Die bydraes sluit o.a. in 13 truitjies, 11 poppe en ongeveer 50 musse, serpe en handskoene.
Maar moenie ophou brei nie.Ek het alreeds nog bydraes ontvang wat ons vir Pretoria se kinderhuis kan gee. Sodra daar genoeg is, kan ons dit dalk al hierdie winter vir hulle gee.

Nogmaal baie dankie vir die entoesiastiese samewerking en bydraes hierdie jaar. En daar is nog wol beskikbaar in die saal.

Ria Stoker
Solo deo Gloria

******** BROEDER EN SUSTER : ONTHOU DIE GRIEKSE BOERTJIE OP 18 MEI !! ********

ALLERLEI

INTERESSANTE FEITE OOR PAASFEES.

Die Paasfees is wel verby maar die Redaksie deel graag 'n paar wetenswaardighede met u.

- Die Oosters-Ortodokse Kerk vier nie paasfees elke jaar op dieselfde naweek as ons nie, want hulle kalender verskil van ons s'n.

- "Seder" is die Joodse rituele diens of seremoniële ete vir die eerste of eerste twee aande van die Paasfees. Die Hebreeuse woord "seder" beteken orde.
- Ons lees in 2 Kronieke 35 van Josia wat meer as 37 000 skape geslag het tydens die Pasga. Dink net aan al die bloed van die skape wat gevloei het.
- Suurdeeg word sterk verbind met die bederwende krag van die sonde. Ongesuurde brood simboliseer heiligheid. Ongesuurde brood word gemaak van graan wat nie gis, of dan, suurdeeg bevat nie. Suurdeeg is 'n gepaste beeld vir die sonde.Omdat die Here hierdie dag self ingestel het, is almal verplig om die Paasfees te vier. In Numeri 9:14 lees ons dat indien iemand sonder geldige verskoning versuim het om die Paasfees te vier, hy van sy volksgenote afgesny is.Die heidense paasfeesviering met die paashaas en die eiers het niks met die ware Paasfees te doen nie. Dit is die viering van vrugbaarheid en lente. Daarom word dit ook 'n lentefees genoem – die hergeboorte van die grond na die lang, koue winter. In Suid-Afrika is hierdie tyd altyd in die herfs!

MACHTELD POSTMUSHUIS

Die bejaardes van Machteld Postmushuis het Saterdag 1 Junie 2019 weer 'n Kardoesmark van 08:00 tot 13:00. Enige bydraes, of dit 'n pakkie suiker, meel of 'n blikkie bakpoeier, dosyn eiers, versiersuiker of 'n bottel olie, enige bestanddele vir gebak sal welkom wees. Wol en geskenkies is ook welkom vir die tombolatafel asook boeke. Bestanddele kan by ons kerk afgelewer word, gemerk "Machteld Postmushuis".

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
Hein Wichmann 072 605 8675

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon herlei is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.